

14 Maart

Psalm 4:1-9, (Teks: 4:7)

Vertrou op God alleen bring lewensvreugde

Psalm 4 is 'n lied van onrus en tegelyk 'n lied van rus in God. Hierdie lied leer ons dat God alle lewensraaisels oplos deurdat Hy ons lewe in die lig van die ewigheid stel. Nadat Dawid owerspel met Batseba gepleeg het, was daar nie meer vrede in sy huis nie. Ook nie in die land nie. Oorlog en rebellie het uitbreek. Sy vyande het baie geword. En wat sy beker nog bitterder gemaak het en sy stryd nog swaarder, was dat daar mense was wat valsheid liefhet en leuen bo die waarheid verkies. Mense op wie hy vertrou het, was besig om hom in die rug te steek. Hulle bring onsekerheid met hulle twyfelvrae. Omdat hulle nie op God vertrou nie, veroorsaak hulle verwarring en vertwyfeling met hulle twyfelvrae.

Teenoor die twyfelvraag van die wanhopiges, bid Dawid tot die HERE: *Wees ons tog weer goedgesind*. In die nag van verwarring en vertwyfeling bid hy om die lig van God se aangesig. Hy vra God se genade en vrede. Wanneer God se lig van bo af oor hom skyn word sy pad vorentoe verlig. Die vyande is nog daar, maar hy is nie meer bang nie. Sy toekoms is nie donker nie. Daar is vreugde en vrede in sy hart te midde van die stryd wat hy moet stry. Daarom kan hy rustig gaan lê en slaap, want hy weet God hou oor hom die wag.

In die tyd waarin ons leef hoor ons baie wanhoopskrete, twyfelvrae wat die geloofsperspektief verdof. *Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?* Vertrou op mense bring onsekerheid. In Jesus Christus skyn die vriendelike lig van God se aangesig tot in ewigheid oor sy kinders. Om Christus wil het ons deel aan God se genade, sy guns en sy goedgesindheid.

Sing: Ps. 42:3, 6

Ds. T.C. de Klerk (Potchefstroom-Suid)